HOF: Weet jy wat is vryheidsliedere? -- Ja.

MNR FICK: Nou het julle as onderwysers en die skoolhoof maar (30 toegelaat / ..

toegelaat dat die skoliere bedags daar na die biblioteek toe gaan en daar hulle ding doen? -- Ek het geen magte gehad oor die gebruik van daardie plek nie.

En die skoolhoof, het hy dit maar net toegelaat? -- Ek weet nie.

ASSESSOR: Op watter voet was u met die prinsipaal? -- Ons het goed ooreengekom omdat ek gewerk het onder sy toesig.

MNR FICK: Ek wil nou met u teruggaan na die vergadering wat julle gehou het, die COSAS vergadering, wat u sê in September 1984. Op hierdie vergadering het niemand daar gevra, maar (10 sê vir ons, julle skoliere, wie sit agter hierdie boikot? -- Niemand nie.

En is dit reg dat op hierdie vergadering, verstaan ek u reg, almal wat daar gepraat het was dit eens dat die skole moet hervat word? -- Ja.

Was daar 'n besluit geneem op hierdie vergadering? -- Ja.

Watse besluit was daar? -- Dat daar teruggegaan moet word.

En is daar enige besluit geneem oor die eise van die skoliere? -- Daar was net vrae gewees.

Het julle geen besluite geneem oor wat word nou van die (20 skoliere se eise nie? -- Die prinsipaal was die persoon wat dit moes geopper het, want hy was die persoon wat die hoof is wat te doene het met die skoliere.

Verstaan ek u nou reg? Daar was nie 'n resoluëie oor die griewe van die skoliere nie? -- Die vrae was gevra soos ek alreëds gesê het. Die eerste vrae was bepaal of die eise, of die onderwysers nou die eise verder uitgevoer het, waarop die antwoord ja was dat dit uitgevoer is deur dit by die hoof van die skool te kry, of die hoof van die skool dit deurgekry het na die kringinspekteur se kantore toe. En daar word nou 'n antwoord (30

afgewag / ..

afgewag van die kringinspekteur se kantore.

Was daar besluit op hierdie vergadering wanneer die skoliere terug skool toe gaan, die volgende dag of wanneer? -- Dit sou in die volgende week plaasgevind het.

Was hierdie vergadering, laat ek net duidelikheid kry, was dit op 'n weersdag of oor 'n naweek? -- Oor 'n naweek.

En die eerskomende Maandag sou die skoliere teruggaan skool toe? -- Ja.

Was daar baie skoliere by hierdie vergadering? -- Hulle was baie. (10

Het hulle dit aanvaar ook? -- Hulle het dit aanvaar.

En die eerskomende Maandag toe was die skoliere weer by die skool? -- Ja.

En hulle het klasse bygewoon normaal? -- Ja.

Tot aan die einde van die jaar met die eksamens? -- Ja.

Nou dan wil ek by u weet hoekom het u in u hoofgetuienis gesê hierdie boikot het aangegaan tot Desember? -- Ek het gedink ek het dit gekorrigeer deur te sê na dit begin het in Augustusmaand, dié was onmiddellik beëindig met die vergadering wat in September gehou was want die kinders het teruggekeer skool (20 toe, maar die skoliere by die skool het toe mos voortgegaan met die onderwys tot in Desembermaand wanneer eksamen geskryf is.

Maar nou vra ek vir u hoekom het u aanvanklik gesê die boikot het aangegaan tot in Desember? -- Wat ek bedoel is na die vergadering in Septembermaand, dit wil sê na die terugkeer van die skoliere by die skool, het ons gaan probleme ondervind nie. Die skool het vlot aangegaan tot met eksamentyd.

Ek wil dit weer aan u stel u getuienis is vals as u dit sê. Hierdie klasseboikot het aangegaan tot by die einde van die jaar. -- Nee. (30

Ek / ..

Ek sien in twee afsonderlike dokument, W21 - dit is in volume 4, dit is 'n SASPU FOCUS van November 1984. W21, bladsy 10, die eerste kolom, die laaste paragraaf onder die opskrif: "Soldiers in as DEP tries to divide and confuse". Die bladsynommers is heelbo, die laaste paragraaf, die laaste sin daarvan begin: "Students at more than fifty schools in Port Elizabeth, Uitenhage, Grahamstown, Queenstown, Fort Beaufort, Graaff Reinet and Somerset East, Cradock, Oudtshoorn, Port Alfred, King William's Town, stayed out. -- Ja, ek sien dit.

En as u nou kyk na (tussenbeide) (10

HOF: Nou laat ons net die ding in verband lees: stayed out when?

MNR FICK: Hierdie rapport is gemaak in November 1984. -- Wat sê hierdie berig in watter jaar was dit?

In 1984, November 1984 as ek dit reg het. -- Ja, wat is die vraag nou?

HOF: Die stelling wat die advokaat aan u maak is dat hier in November 1984 skryf hierdie blad, die SASPU National dat minstens deurlopend tot toe, want hy praat in die volgende paragraaf van Oktober, daar nog 'n boikot was in Somerset-Oos. -- Nee, daar is nie so-iets nie. Daar by ons die einde van die jaar was daar (20 eksamens gehou.

MNR FICK: Ek wil u dan ook verwys na 'n ander dokument, weer eens volume 6, W32. Dit is ook 'n SASPU National, hierdie keer van Desember 1984. -- Bewysstuk?

W32. -- Bladsy?

U moet blaai na bladsy 9 en dan nog twee bladsye verder, die bladsy is nie genommer nie; bladsy 9 is die laaste genommerde bladsy en dan is daar 'n berig wat begin by "Countrywide protest, 1984". U sal sien daar is 'n klomp paragrawe wat genommer is van 1 af met plekke se name en dan kom u by nr.8/9/89: Somerset-East.

(30

Dit / ..

Dit is die laaste kolom heelbo. Hier word gerapporteer: "All schools on boycott since August". Dit is die SASPU National van Desember 1984.

ASSESSOR: Watter bladsynommer?

MNR FICK: Die bladsynommers eindig op bladsy 9 en dan nog twee bladsye aan. Paragraaf 8/9: "Somerset East" is die opskrif.

HOF: Wat sê u hierop dat die bladsy sê dat in Desember van 1984 al julle skole nog uit is op boikot. -- Ek stem nie saam nie.

MNR FICK: Ek stel aan u dat die antwoord wat u aanvanklik gegee het dat die boikot aangegaan het tot Desember 1984 was toevallig reg. -- Nee, dit is nie die waarheid nie.

Ek wil met u nog steeds die skoleboikotte behandel, maar ek is klaar met die vergadering. Die skoolhoof by die skool is 'n mnr Maneli, is dit reg? -- Ja.

Nou is dit nie so dat op 1 Oktober 1984 het persone wat gesê het hulle is van die PRC daar na die skoolhoof toe gegaan en gesê hy moet nou net aanvaar die leerlinge aanvaar nie die PRCs nie, hulle wil 'n SRC by hierdie skool hê. -- Wanneer, Oktobermaand? Nee, ek onthou dit nie.

HOF: Het dit op enige stadium gebeur? -- Soos ek alreeds gesê het, die skole wou nie die PRC gehad het nie, hulle wou die SRC gehad het.

Maar die stelling is dat 'n groep mense wat op die PRC was, het na die skoolhoof gegaan en gesê die meeste van hulle aanvaar nie hierdie PRC nie; hulle wil 'n SRC hê? -- Ja, ek weet daarvan.

Goed, het dit gebeur hier in Oktober? -- Ek het daarvan gehoor voor Oktobermaand. Die prinsipaal het daarvan gepraat voor Oktobermaand.

Kan u net vir my sê terwyl ons met die onderhoud besig is, wat is die verskil tussen die PRC en die SRC? -- Die verskil (30

is / ..

is PRC is Pupils' Representative Council en dan SRC is Students' Representative Council.

Dankie, maar vertel nou vir my wat is die werklike verskil behalwe die verskil in naam? -- Die verskil wat ek van weet is volgens die departement se "journal" staan dit daar geskryf dat die PRC is 'n liggaam van studente, van skoliere, wat op skool is, nie hoër as die hoërskool nie want dan staan die PRC vir die "pupils", dit is die kinders wat op daardie vlak is. En dan vir die kinders op die kolleges wat op hoër vlak is as matriek, is dit studente, dan kan dit gesê word dit is 'n SRC want dit het (10 betrekking op studente. Dan die verdere verduideliking is daar is 'n sekere liggaam van die PRC, lede daarvan wat deur die onderwysers gekies sal moet word, nie deur die studente nie. Dit wil sê die onderwysers sal besluit. Die posisie is so, met die verkiesing van die PRC, die onderwysers moet teenwoordig wees maar met die verkiesing van die SRC daar moet nie onderwysers teenwoordig wees nie.

Die onderwyser moet teenwoordig wees om te kyk dat dit goed verloop? -- Ja.

Ja, en wat nog? Watter ander verskille is daar? -- Dit (20 is al verskil wat ek van weet.

Maar sou u sê dit is nou 'n wesenlike verskil? -- Nee, nie so wesenlik nie.

Nou waarom dan nog die bohaai oor 'n SRC as jy 'n PRC het? -- Ek weet nie.

Dankie.

MNR FICK: Is die ander bewering wat gemaak word, nie dat gesê word die PRC is onaanvaarbaar nie want dit is 'n ding wat ingestel is deur die departement; dit kom nie van die studente af nie en daarom wil hulle hom nie hê nie? -- Ja. (30

Die / ..

Die PRC, het hy 'n konstitusie wat opgestel is deur die departement? -- Ja, daar is.

Is dit so dat deel van die konstitusie van die PRC sê dat die lede van die PRC en die PRC self, is onderworpe aan die skoolse reëls? -- Ja, dit is so.

Was dit 'n ander klagte van die skoliere gewees, hulle wil nie 'n liggaam hê wat onderworpe is aan die skoolreëls nie? -- Dit het ek nie van gehoor nie.

En is dit nie ook so dat die skoliere het gesê kyk, hulle wil nie beskou word as skoliere nie, hulle wil beskou word as (10 studente want hulle sien hulleself as studente? -- Ja.

Ek wil aan u stel, dit het hulle onder andere ook aan die skoolhoof gaan oordra op 1 Oktober 1984. -- Ek het geen kennis daarvan in Oktobermaand nie. Ek weet daarvan dat dit wel voor Oktobermaand gesê was.

En ek wil verder aan u stel dat die skoolhoof het gesê hy kan nie daaraan voldoen nie, en op daardie selfde dag het die mense weer geen klasse bygewoon nie maar op die skoolterrein rondgemarsjeer die skoliere en vryheidsliedere gesing. -- Wanneer sê u was dit, in Oktobermaand? (20

1 Oktober. -- Nee, dit het nie daar plaasgevind nie, die klasse was aan die gang gewees.

Laat ek u so vra, hierdie hoërskool waar u skoolgehou het, was dit 'n senior sekondêre skool gewees? -- Ja.

Was daar ook in Cradock, ekskuus, in Somerset-Oos 'n ander skool, 'n hoër primêre skool met die naam van Nojoli? -- Ja.

Tot watter standerd gaan sy skoliere? -- Nojoli?

Ja. -- St.5.

En die Nojoliskool, hoe ver is hy van die skool waar u skoolgehou het? -- Dit is nie ver nie. (30

Was / ..

Was hulle in dieselfde blok geleë, of waar is dit? -- Hulle is nie by - die twee skole is nie bymekaar nie, maar ook nie ver van mekaar nie. Dit is net so 'n endjie ver uit.

Meer as 100 meter? -- Ek is nie goed met skattings nie.

HOF: Maar as 'n onderwyser weet u darem seker hoe lank is 'n meter? -- Ja, ek weet wat is die lengte van 'n meter.

En u weet hoe lyk 'n voetbalveld? -- Ja, ek weet.

Hoeveel van daardie lengtes van 'n voetbalveld is die skole uitmekaar uit? -- Dit is die lengte van die veld: from the corner flag to the corner flag. Die lengte van die voetbalveld is 100. Nou sê ek die afstand tussen die twee skole is die helfte daarvan.

Dan is dit 60? -- Ja.

Praat ons van meter? -- Ja, ons praat van meter.

U het u antwoord.

MNR FICK: Dankie, edele. Nou is dit nie so dat die oggend van 2 Oktober 1984 daar by die skool, daar skoliere van die Nojoliskool aangekom het nie?

HOF: Wat is die datum?

MNR FICK: 2 Oktober 1984. (20)

HOF: By die getuie se skool aangekom?

MNR FICK: By die getuie se skool. -- In Oktobermaand?

Ja. -- Daar bestaan nie so-iets nie.

Nou ek stel dit aan u hulle het daar opgedaag en daar is toe besluit dat die Nojoliskool sal saam met julle skool klasse boikot. Nou weet u of daar 'n boikot in Oktober 1984 by die Nojoliskool aan die gang was? -- Ek weet net nie presies in watter maand dit was nie, maar ek is bewus van die moeilikhede wat by Nojoliskool bestaan het.

HOF: Wat 'n boikot was? -- Ja. (30)

MNR FICK: Terwyl ons nou by 'n ander skool is, hoeveel skole is daar in die woongebiede by Somerset-Oos? -- Vier.

Weet u dat daar in 1984 boikotte by al hierdie skole was?
-- Praat u van al die skole van Somerset?

Al die skole. -- Ek het nie kennis daarvan nie.

Weet u van boikotte in 1984 by ander skole behalwe u skool en Nojoli? -- 'n Ander skool behalwe dié twee? Nee, ek weet nie daarvan nie.

Nou ek wil aan u stel dat op hierdie dag, 2 Oktober 1984, was daar weer rondgemarsjeer by hierdie skool en by die Nojo-(10 liskool en vryheidsliedere gesing en daar was nie klasse gewees nie. -- Ek het nie kennis daarvan nie.

HOF: Die tyd toe daar 'n klasboikot by julle aan skool was, moes julle die skool bywoon of kon julle by die huis bly? -- Ons het by die skool aangemeld en daar gebly.

MNR FICK: Nou ek wil in verband met 5 Oktober 1984.. -- Die datum?

5 Oktober 1984, die oggend, het die leerlinge van die skool weer daar opgedaag en ek stel aan u hulle het weer vryheidsliedere gesing en daar rondgeloop op die skoolterrein. -- Ek (20 het nie kennis daarvan nie.

En ek wil aan u stel dat hierdie Andile Ntshudu en ander lede van die PRC is daar na mnr Maneli se kantoor toe en hulle het geëis hulle wil die aand 'n vergadering hou in die gemeenskapsaal oor hulle griewe. -- Ek het nie kennis daarvan nie.

En ek wil verder.. -- U sê self dit is aan Maneli gestel. Ek weet nie daarvan nie.

Ek wil verder aan u stel dat skoliere van die Nojoliskool het toe gedurende die tyd ook na u skool gekom en daar op die skoolterrein rondgeloop en hulle het ook vryheidsliedere gesing. (30

Ek / ..

-- Ek weet nie daarvan nie.

Ek wil ook aanstel dat die hoofof het mnr Memese, die burgemeester, gebel en gevra of die skoliere die saal kan kry; dit is geweier en daar op die skoolterrein die dag is die storie versprei dat die saal is geweier en toe het die skoliere aggressief begin raak, sodanig so dat mnr Maneli homself moes toesluit in sy kantoor omdat die skoliere hom wou aanrand. -- Mnr Maneli bel vir mnr Memese?

Ja, om te hoor of die skoliere die saal kan kry.

HOF: Nee, nee, wag bietjie. Die skoolhoof bel vir Memese, (10 die burgemeester. -- Ja, mnr Fick sê dit is mnr Maneli wat mnr Memese, die burgemeester, bel.

MNR FICK: Ja, mnr Maneli is die skoolhoof. -- Ontevrede en kwaad vir wie, met Memese of Maneli?

Ek weet nie, hulle was net kwaad gewees omdat hulle nie die saal kon kry nie. -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

En ek stel vir u verder dat mnr Maneli het die polisie probeer bel uit sy kantoor uit en die skoliere het die telefoondraad afgepluk. -- Dit is nog steeds in Oktobermaand?

Ja. -- Nee.

(20

ASSESSOR: Is dit nog steeds op 5 Oktober?

MNR FICK: Dit is nog steeds. Edele, beskuldigde 21 vra verlof om net vir 'n oomblik vir persoonlike redes die hof te verlaat.

HOF: Ja.

MNR FICK: Ek wil aan u stel dat die skoliere toe die skoolhoof se kantoor gebreek, die vensters gebreek het, hulle het hom natgespuit met 'n tuinslang en ander skoliere het gegaan en klippe en bakstene bymekaar gemaak en hulle het gewag met dié goed vir die polisie. -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

HOF: Weet u daarvan dat daar ooit 'n aanval was op die hoof (30

se / ..

se kantoor? -- Nee.

MNR FICK: En ek wil aan u stel dat dieselfde dag het die skoliere gegaan en ou lessenaars en stukke ysters gevat en padversperrings gepak by die skole, vir die polisie. -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

En ek stel aan u verder dat op dieselfde dag het van die studente hulleself bewapen, die skoliere hulself bewapen met kieres. -- Ek weet nie daarvan nie.

En het hulle daar gewag op die skoolterrein vir die polisie en terwyl hulle gewag het, het hulle vryheidsliedere gesing. (10 -- Nee, ek weet nie.

Na 'n ruk het die skoliere weggeloop van die skool af toe daar niks gebeur nie. -- Ek het nie kennis daarvan nie.

Nou sê vir die hof, mnr Maneli, tot wanneer het hy by die skool gebly? Wat ek daarby bedoel is het hy op 'n stadium die skool verlaat en weggegaan? -- Hy is nog daar.

Is hy nog steeds die skoolhoof? -- Van ek daar gekom het tot nou waar ek hier staan is hy die prinsipaal.

Is dit nie so dat mnr Maneli het in Oktober 1984 op 'n stadium die skool verlaat en verdwyn omdat hy bang was nie? -- Nee, (20 ek het nie daarvan gehoor nie.

Ek wil aan u stel u getuienis oor wat daar by die skool sou gebeur het, dat die skool so rustig gewees het na hierdie vergadering van COSAS in September 1984 is totaal vals. Ek wil aan u stel dit het nog steeds voortgegaan die probleme by die skool. -- Dit is die waarheid, daar was eksamens ook geskryf.

U het dan verder getuig oor November 1984. -- Ja.

U het vir die hof gesê u het in November 1984 'n verdere vergadering bygewoon van COSAS. -- Ja.

Nou hierdie Andile Ntshudu wat u van praat, hoe oud was (30

hy / ..

hy op daardie stadium in 1984? -- Nee, ek weet nie.

Was hy ouer as 16? -- Ek skat dit ongeveer so.

16? -- Ja.

En u sê op hierdie vergadering het hy gepraat? -- Ja.

En vir watter doel is hierdie vergadering belê sê u? -- Die vergadering was bedoel vir die probleem wat daar was dat daar geen antwoord gekry was aangaande die klagtes by die skool en tweedens, dit is die inwoners se probleme wat ondervind was, wat daar bespreek moet word.

Hoe het dit gekom dat u hierdie vergadering bygewoon het? (10 -- Ons was by die skool gesê dat daar so 'n vergadering gehou sou word deur COSAS, want ons word eintlik by die skool ingelig terwyl ons nog by die skool was.

En was daar baie skoliere by hierdie vergadering? -- Hulle was baie ja, maar nie meer as die inwonertal nie.

HOF: Beskuldigde nr.21 is terug.

MNR FICK: Soos die hof behaag. Hierdie voorsitter, Sibatla Myakama, was hy ook 'n skolier? -- Ja.

Was hy ook so ongeveer 16 jaar oud? -- Nee, ek weet nie, maar hy was ouer as Andile. (20

Nou het iemand op hierdie vergadering probeer verduidelik wat het die skoliere uit te maak of uit te waai met die gemeenskap se probleme? -- Die probleme van die inwoners is 'n ding wat sommer so daar opgeduik het, andersins die vergadering het gegaan oor die eise of die klagtes van die skoliere wat nog nie beantwoord was nie.

Nou moenie uitwei nie, maar wil u net vir die hof sê wat was die probleme van die gemeenskap waaroor gepraat was? Dit net noem? -- Die lelike toestand van die paaie en die tekort aan waterkrane in die straat. (30

Nog / ..

Nog iets? -- Ek kan nie die ander goed nou so goed onthou nie.

Nou is Andile Ntshudu voorgestel aan die verhoor? -- Hy was nie voorgestel nie. Hy is 'n bekende, hy is 'n kind van daardie plek.

Nou het iemand gesê in watter hoedanigheid praat hy, as 'n kind van die omgewing of wat? -- As 'n skolier het hy gepraat.

Is dit al wat gesê is? -- Dit was nie gesê dat hy daar praat as 'n skolier nie. Hy is net bekend aan die mense as 'n skolier.

Ek wil aan u stel hy is voorgestel as 'n lid van SEYCO. -- Nie by die vergadering wat ek bygewoon het nie. (10

Ek wil ook aan u stel hierdie vergadering wat u bygewoon het was nie net 'n COSAS vergadering nie, maar dit was ook 'n SEYCO en 'n SERA vergadering. -- Nee, daar bestaan nie so-iets nie.

Het hierdie persoon Banzana, het hy gepraat? -- Het hy?

Mzukisi Banzana, het hy gepraat op die vergadering? -- Hy was nie eens teenwoordig nie.

Behalwe Ntshudu, het iemand anders gepraat? -- Ja, een van die mense daar tussen die gehoor het gepraat.

Ek wil aan u stel die tema van hierdie vergadering wat u sê 'n COSAS vergadering was, het eintlik gegaan oor die raadslede. (30 -- Nie by die vergadering waar ek teenwoordig was nie, edele. Daar was nie so-iets nie.

Was daar nie gesê dat die raadslede doen eintlik niks vir die gemeenskap nie. -- Niks?

Die raadslede doen eintlik niks vir die gemeenskap nie. -- Dit was gesê, ja.

Was daar ook gesê dat die mense kan nie die huurgelde bekostig nie, want die huurgelde was te hoog vir die mense in die woongebiede? -- Niks was gesê oor die huur wat baie hoog gegaan het sodat mense dit nie kan betaal nie. (30

Is / ..

Is daar nie ook gesê dat die raadslede behoort te bedank nie? -- Nee.

Is daar nooit gepraat enigsins oor die woord "bedank" van raadslede nie? -- Nee.

Nou was daar nie 'n resoluëie geweës op hierdie vergadering in verband met die toespraak dat die raadslede doen eintlik niks vir die gemeenskap nie - is daar niks besluit daaroor nie? -- Nee, daar was niks nie, wat gedoen sal met die raadslede nie. Daar is nie 'n besluit geneem daaroor nie.

Nou ek stel aan u op hierdie vergadering is geëis die (10 raadslede moet bedank. -- Nie by die vergadering waar ek teenwoordig was nie.

En daar is gesê die raadslede gaan genooi word na 'n volgende vergadering, op 'n volgende Sondag, om voor die gemeenskap te bedank. -- Daar was nie so-iets daar nie.

Ek wil aan u stel daar is gesê as die raadslede nie bedank nie, kan hulle beseer of gedood word. -- Nee, daar was nie so-iets by daardie vergadering nie.

Ek wil ook aan u stel dat daar is gesê die mense moet ophou om vriendelik te wees met die polisie. -- Nee, daar was nie so(20 iets nie.

Daar moet ontslae geraak word van die polisie en as die mense nie wil ophou om vriendelik te wees met die polisie nie, kan hulle gebrand raak. -- Nee, daar is nie so-iets nie.

Nou weet u iets daarvan dat die raadslede bedank het in Somerset-Oos? -- Ek het daarvan gelees in 'n koerantberig in The Herald.

En het u nie daarvan gehoor daar is 'n vergadering die volgende Sondag na hierdie een wat u bygewoon het, waar die raadslede op die vergadering bedank het nie? -- Nee. (30

Het / ..

Het u nie ook gehoor in die gemeenskap dat die raadslede het nie die waarheid gepraat toe hulle op hierdie vergadering gesê het hulle bedank nie, hulle het maar net in die openbaar so gesê want hulle het skelm agterna aangegaan om raadslede te wees. -- Ek het nie daarvan gehoor nie. Al wat ek van weet is dié wat ek in die koerant gelees het.

Jy het ook nie gehoor in die gemeenskap dat die gemeenskap is kwaad vir die raadslede omdat hulle hulle bedrieg het deur te sê dat hulle bedank het, terwyl hulle nie bedank het nie? -- Nee. (10

Ek wil dan met u gaan oor die getuienis van Januarie 1985. U sê u het daar 'n vergadering bygewoon van SEYCO? -- Ja.

U sê die hoofspreker was Mzukisi Banzana? -- Ja.

Nou het u hom geken voor die tyd? -- Vir wie?

Mzukisi Banzana. -- Ja.

Vanwaar het u hom geken? -- In 1985 by die vergadering van Januariemaand het ek hom al geken daar in die lokasie.

Was hy 'n inwoner van die woongebied? -- Ja.

Was hy 'n skolier? -- Nie in Somerset nie.

Maar was hy nog 'n skolier, was hy aan 'n universiteit? -- (20 Ja.

Maar wat nou? Was hy by 'n universiteit of by 'n skool? -- Toe hy by die primêre skool daar by ons weg is, is hy iewers heen waar hy sy matriek gedoen het. Hy is tans aan die universiteit.

Nou toe hy begin praat het op hierdie vergadering wat u bygewoon het in Januarie 1985, is hy voorgestel vanwaar, van wie, van watter organisasie? -- Hy was nie voorgestel nie.

Ek wil aan u stel oor hierdie vergadering net een verdere aspek. U getuienis dat hierdie SEYCO, daar gesê sou gewees het dat SEYCO net hom met musiek, die drankprobleme van die jeug, (30

die / ..

die werkloosheid van die jeug en klubs vir die jeug besig sou gehou het, is nie die waarheid nie. -- Dit is wat aan ons gesê was by hierdie vergadering wat ek bygewoon het.

Dan moet ons gaan na die vergadering wat u bygewoon het in die Apostoliese Kerk in 1985, Januarie/Februarie. Wat was die doel van hierdie vergadering? -- Dit was 'n biduur gewees.

Was dit nou 'n biduur waar die mense gebid het of was dit 'n biduur waar die mense toesprake gehou het? -- Wat gesê was is dit is 'n vergadering wat gehou word waar mense gevra word om te bid vir die mense wat in die tronke is. (10

Wag nou bietjie. Is daar gesê watter mense in watter tronke? -- Wat gesê is, is dat ons bid vir al die mense in die tronke van Suid-Afrika.

Nou weet u wie hierdie vergadering belê het? -- Ek weet nie.

Ek wil aan u stel dit was belê deur SEYCO, COSAS en SERA. -- Ek stem nie saam nie.

Maar as u nie weet hom belê het, hoe kan u dit betwis? -- Ons was mos gesê daaromtrent. En tweedens, SERA het by daardie tyd nog nie bestaan nie.

Ek dink ons het dit heel aan die begin van die kruisver- (20 hoor uitsorteer dat u weet nie wanneer het SERA ontstaan nie? -- Wat ek vir u probeer sê hier is dat ek het nooit geweet wie die vergadering belê het, dit is die vergadering te doene met die biduur. Al wat gebeur het is dat ons by die skool gesê is deur die hoof van die skool dat almal daar teenwoordig by die skool moet na hierdie vergadering toe gaan.

Ek vra u dan so. Is dit reg, verstaan ek u dan reg, u het laat by die vergadering of die biduur opgedaag? -- Nie net ek nie, my skool se mense wat saam met my daar opgedaag het, het gevind dat daar reeds ander mense was. (30

Is / ..

Is dit reg, u weet nie wat daar gebeur het en wie almal gepraat het voor u opgedaag het by die vergadering nie? -- Ek weet niemand het gepraat voor daardie tyd wat ek daar opgedaag het nie.

Die vergadering sou 12h00 begin as ek u reg verstaan, maar u het 14h00 opgedaag?

MR BIZOS: No, the evidence was that it was intended to start at 12h00 but it started at 14h00.

COURT: No, the time for starting was 12h00 but they arrived at 14h00, that was the evidence. (10)

MR BIZOS: The time for starting?

COURT: Yes, the time of the meeting was 12h00. They arrived at 14h00. You did not lead any evidence that the meeting only started at 14h00.

MR BIZOS: Well, I thought it was clear.

COURT: It was not clear to me. I did not understand it that way, I thought they were late.

MNR FICK: Nou sê u dan vir die hof dat toe u by die vergadering opgedaag het, by die byeenkoms opgedaag het, was daar nog niks aan die gang nie? -- Daar was nog niks wat aan die gang was (20) nie, mense het net daar gesit.

En u het ook getuig van Matthew Goniwe en mnr Makhawula wat sou opgedaag het. -- En wie?

Mnr Makhawula. -- Ja.

Wie is mnr Makhawula? Is hy plaaslik van Somerset-Oos of was hy van 'n ander plek? -- Hy was van 'n ander plek af.

Was hy van die UDF? -- Nee, ek ken hom nie as 'n lid van die UDF nie.

Was hy nooit voorgestel aan die vergadering as 'n lid van die UDF nie? -- Hy was nie eens voorgestel nie. (30)

Was / ..

Was dr Boesak voorgestel? -- Ja, hy was.

As van UDF? -- Nee.

Van waar? -- As 'n lid van 'n kerk en wat te doene het met die World Council of Churches.

Behalwe eerwaarde Boesak was daar ander sprekers op die byeenkoms? -- Nee.

nou dr Boesak het 'n toespraak gemaak, hy het nie gebid nie? -- Almal het opgestaan, daar was 'n kort gebed gewees en toe het ons weer gaan sit.

Dit was die opening van die byeenkoms? -- Ja. (10

En aan die einde was daar weer 'n kort gebed, wat die afsluiting van die byeenkoms was? -- Ja.

Elke keer deur dieselfde persoon gebid? -- Ja, dr Boesak.

Wie was die voorsitter van die vergadering? -- Eerwaarde Ntoyanto. U moet verstaan, ek sê nie dat hy 'n voorsitter was nie maar hy het opgestaan omdat hy ook 'n predikant was, om eerwaarde Boesak voor te stel aan die gehoor; net vir daardie oomblik.

En ek stel dit aan u, dan kyk ons of ons hiermee kan klaar maak, daar is geen manier wat u kan sê dat hierdie vergadering, die byeenkoms, was 'n biduur nie. Dit was 'n vergadering? -- Dit was nie 'n vergadering gewees nie.

HOF: Wat is die onderskeid tussen 'n vergadering en 'n biduur? -- Daar is eintlik geen verskil tussen die twee wat die byeenkoms betref van die mense nie. Dit hang net af wat daar bespreek word. Byvoorbeeld by 'n vergadering dan het 'n mens 'n onderwerp wat hy bespreek in die vorm van 'n vergadering. By 'n biduur dan het julle daar iets waaroor julle bid en waarvoor julle bid. Dan vra julle die Here vir sekere dinge in gebedvorm. Dit is die verskil wat ek van weet.

Dan is die onderskeid by die een bid jy en by die ander (30
een / ..

een hou julle besprekings? -- Ja, dit is eintlik - dit hang af van die doel van daardie byeenkoms, wat dit is. Dan kry jy die regte onderwerp waaroor gaan dit.

MNR FICK: Ek stel dit dat u probeer die hof mislei deur vir die hof te vertel hierdie was 'n biduur en ek stel dit aan u dit was 'n volbloed politieke vergadering. -- Ek praat van wat ek weet, wat ek bygewoon het en ek weet niks van 'n politieke vergadering nie.

ASSESSOR: Hoe lank het die vergadering of die biduur dan geduur? Van 14h00 af tot wanneer? -- Omtrent 'n halfuur, want .(10 hulle het vir ons gesê dat hulle haastig was om verby te gaan nog en verder gesê dat hulle self laat daar opgedaag het.

MNR FICK: Nou is daar op hierdie vergadering toe gepraat oor prisoniers, gevangenes? -- Nee, al wat gesê is daar is dat mense by verskillende kerke waar hulle behoort, word ook gevra om vir daardie mense wat in die tronke sit, te bid.

HOF: Alle diewe, moordenaars en rowers? -- Wat gesê was is ons bid vir almal wat in die tronk sit. Daar was nie 'n onderskeid gemaak nie.

En dit was die doel van dr Boesak se reis van punt tot (20 punt om dit te organiseer? -- Dit is hoe hy dit aan ons oorgedra het.

MNR FICK: En al ander ding wat Dr Boesak op hierdie vergadering te sê gehad het, is hy het gepraat oor die besigheidsmense wat moet toesien dat hul werknemers se lewenstandaarde verbeter word en dat hulle ook behoorlike salarisse betaal word? -- Ja.

Is daar op hierdie vergadering vir enige gevangenes gebid by name? -- Nee, nee, dit het nie gebeur nie.

En geen gevangenes se name genoem ook in 'n toespraak nie?
-- Nee.

(30

En / ..

En u sê al wat Goniwe daar te doen gehad het, is hy het vertaal of vertolk wat dr Boesak te sê gehad het? -- Ja.

Nou ek stel aan u dat wat daar in werklikheid gebeur het is dat hierdie was 'n politieke vergadering waar Goniwe gepraat het oor die straatkomitees, hoeveel georganiseer moet word, en dat die straatkomitees uiteindelik die raadslede se werk kan oorneem in die werkgebied. -- Nee, daar is nie so-iets nie.

Hy sou verder ook gesê het dat die straatkomitees sal die klagtes aanhoor in die toekoms, en nie die polisie nie, in die woongebiede. -- Nee, daar is nie so-iets nie. (10

Ek wil dan met u weggaan van die vergadering af, maar nog na dieselfde tydperk, Januarie/Februarie 1985. Weet u of daar enige griewe was oor die biersaal in die woongebiede? -- Nee.

Was daar enige griewe in die woongebied in daardie tydperk oor die polisie-optrede? -- Nee.

Was daar enige griewe dat die gemeenskap soek 'n alternatiewe stelsel vir die raadstelsel in die woongebiede? -- In die plek van?

Raadslede. -- Nee.

Was daar enige griewe teen die skoolhoof of dat die onder(20 wysers swak gekwalifiseerd is? -- Nee, dit het net gegaan oor die onderwysers, nie die prinsipaal nie.

K1346 En ook daar is te min onderwysers? -- Ek het al so gesê.

Nou wil ek met u gaan na 11 Februarie 1985. Weet u van enige voorvalle in die woongebied waar by die raad se kantore die burgemeester aangeval sou gewees het? -- Nee.

HOF: Kan ek net duidelikheid kry? Die raad se kantore waar die burgemeester sit, in watter gebied is dit? Watter van die drie gebiede? -- New Brighton. Op die huidige oomblik is dit nie meer daar nie, dit is nou in die dorp. (30

ASSESSOR / ..

ASSESSOR: Hoekom? -- Hulle werk nou in die dorp.

HOF: Nou hoekom? -- Ek weet nie hoekom nie.

MNR FICK: Nou weet u daarvan dat op hierdie dag, 11 Februarie 1985, daar aanvalle was teen die raadslede - mnr Memese byvoorbeeld? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Het u nooit gehoor dat die burgemeester se huis is aangeval nie? -- Nee, ek onthou nie meer nie.

HOF: Laat ek net duidelikheid kry. Van watter tydperk tot watter tydperk was u in aanhouding? -- September 1985 tot Februarie 1986; Julie 1986 tot September 1987. (10

Ja, dan praat ons van 'n tyd toe u in die woongebied was. U was deurgaans in die woongebied voordat u aangehou is? -- Daar is party kere wat ek nie daar was nie, wat ek byvoorbeeld 'n kursus bywoon hier in Pretoria, Soshanguve; of party kere. Of party kere dan gaan ek na 'n kursus toe in Port Elizabeth.

Het u in 1985 kursusse bygewoon? -- Ja, die kursusse wat ek van praat was in 1985.

MNR FICK: Het u gehoor dat in Februarie 1985 'n mnr Petrus Antonie wat by die raad gewerk het, ook aangeval is? -- Ek ken hom nie eers nie. (20

Ken u 'n konstabel Rogo? -- Ek kan vir Madikane, nie Goqo nie.

Weet u van enige voorvalle in Februarie of Januarie 1985 waar hierdie konstabel Rogo 'n skolier sou geskiet het, 'n dogter? -- Ja.

Het u dit gesien? -- Ek het net gesien dat die kind geskiet was. Ek het nie die skietvoorval gesien nie.

Het u na die tyd die kind gesien? -- Ja, toe die kind na die personeelkamer toe gebring is van die onderwysers.

U het geen idee, uit u eie persoonlike kennis, wat daar gebeur het nie, is dit reg? -- Nee. (30

Ken / ..

Ken u vir Richard Jose? -- Nee, ek ken hom nie.

Ken u vir Alfred Dickson Ngenye? -- Nee, ek ken nie 'n persoon met die naam van Ngenye nie.

Dra u kennis daarvan dat daar aanvalle was in Februarie 1985 op Jose en Ngenye se huise? -- Ek ken nie die twee persone nie.

Is dit so dat gedurende Maart 1985 was daar van tyd tot tyd aanvalle deur swart jeugdiges dat hulle voertuie met klippe gegooi het in die woongebiede? -- Ek het nie kennis daarvan nie.

Het jy nooit daarvan gehoor gedurende Maart nie? -- Glad nie gehoor nie. (10

HOF: Sê vir my, hoe lank het u kursus geduur? -- 'n Week of twee weke.

Kom nou, kom nou, 'n week of twee weke - sê vir my. -- Dit is verskillende kursusse, die een 'n week en die ander een twee weke.

Goed, die kursus hier in Pretoria by Soshanguve, hoe lank was hy? -- 'n Week.

En wanneer was dit? -- Dit het begin in Augustusmaand en tot in Septembermaand deurgeloop.

In 1985? -- Ja. (20

En die kursus in Port Elizabeth? -- Dié was gehou iewers daar tussen Maart en Juniemaand. Ek is net nie seker presies wanneer dit was nie. Ek onthou nog een wat in Uitenhage gehou was in Februarie.

ASSESSOR: Watter jaar? -- 1985. Almal in 1985.

HOF: Nou ja. Die een in Port Elizabeth, was hy twee weke? -- Ja, twee weke.

En die een in Uitenhage? -- 'n Week.

En was dit al? -- Ja.

Ja, dankie. (30

MNR FICK: Maar u het nooit as u so teruggekom het van kursusse af gehoor van die probleme - u het selfs dit nie eens gehoor nie? -- Enige ding?

Wel, van 'n klipgooiery na die polisie en na privaat voertuie? -- Nee, ek het nie.

Ook nie van die aanvalle by die raadslede se huise met klippe petrolbomme en paraffien nie? -- Ek het gehoor van voertuie, nie huise nie.

Ek wil dan met u gaan na 16 Maart 1985, die begrafnis van Deborah Memese. Is ek reg as ek sê dat Mzikisi Bonzana was (10 in beheer van hierdie begrafnis van die begin totdat - by die huis van die oorledene totdat Ford Calata beheer oorgeneem het op 'n later stadium? -- U is reg. Hy was in beheer vanaf die huis van die oorledene.

En is dit reg dat hierdie Deborah Memese was 'n COSAS lid? -- Ek weet nie van haar lidmaatskap of die kantoor wat sy gehou het daar nie. Ek ken haar net as 'n skolier.

Is dit so sy is dood in 'n motorongeluk? -- Ja.

En wie sê u het hierdie begrafnis gereël? Wie was in beheer, watter organisasie, indien enige? -- Wat my betref die familie(20 lede van haar.

HOF: Hoekom het hierdie belangrike persone gekom - Matthew Goniwe en Mama General - na hierdie begrafnis toe? -- Geen redes was genoem. Ek weet nie.

MNR FICK: Die onbetwiste getuienis tot op hierdie stadium is dat daar baniere was op hierdie begrafnis. Stem u saam? -- Nee, daar was nie so-iets nie.

Was daar niks, nie een nie? -- Niks.

Die getuienis sover in hierdie hof was dat daar was baniere van SEYCO, SERA, COSAS, UDF en CRADORA. -- Ek het nie kennis (30 daarvan / ..

daarvan nie.

Is dit moontlik dat dit daar was en u het hulle nie gesien nie? -- Ek was binnekant in die kerk gewees waar die kerk gehou was en ek het daar gesit tussen die gehoor. Die mense wat op die verhoog was, was voor my, so as dit daar was dan sou ek dit agter die mense wat gepraat het gesien het.

Nee, het u nie toe u in die stoet geloop het begraafplaas toe daar baniere gesien nie? -- Ek het dit nie gesien nie.

Nou by die huis voor die begrafnis, was u in die huis of waar was u gewees - die huis van die oorledene? -- Ek was daar(10 buite gewees.

U het 'n skatting gegee van ongeveer 'n duisend. Is dit moontlik dat dit ongeveer vier duisend mense kon gewees het wat die begrafnis bygewoon het?

MR BIZOS: My learned friend is dealing with the position at the home. That estimate was not given in relation to the people there of a thousand. That was in relation to the church.

COURT: 200 to 300.

MR BIZOS: I think that was the evidence, yes.

MNR FICK: Ek sal dit toegee, dit is die getuienis by die (20 huis self, 200 tot 300, maar miskien moet ek dit duideliker maak.

HOF: Nee, nee, u sê vir die getuie omtrent 'n duisend. Nou was dit nie die getuienis van dié getuie dat hy gesê het 'n duisend by die huis, voor die diens nie? Dit is die beswaar.

MNR FICK: Nee, nee, ek verstaan die beswaar. Die getuienis soos ek dit het en soos ek dit nou sien, is dat by die huis van die oorledene, na daardie teraardebestelling, was 'n duisend mense. Ek het die twee verwar.

HOF: Goed, stel dan net weer die vraag.

MNR FICK: Ja. In die stoet na die begraafplaas toe en die (30 klomp / ..

klomp mense wat van die begraafplaas af teruggekom het na die huis van die oorledene toe, is dit moontlik dat hulle ongeveer vier duisend kon wees? -- Nee, nie so 'n groot getal mense nie.

U het vir die hof gesê by die huis voor die begrafnis was daar 200 tot 300 mense? -- Ja.

Was daar nie ook mense wat nie direk by die huis van die oorledene was nie, maar wat in die omgewing was wat nie begrafnisgangers was nie? Daar by die biersaal was daar nie ook 'n groep mense nie? -- Nee, die begrafnisgangers was op die perseel van die oorledene se huis. (10

Nou waar het die mense vandaan gekom wat die duisend opge- maak het toe hulle uiteindelik teruggekom het by die oorledene se huis - waar kom hulle vandaan? -- Dit is mense wat later opgedaag het terwyl die kerkdienste gehou was, by die kerk voor die stoet daarvandaan vertrek het na die begraafplaas toe.

U weet nie waar was hierdie sewe honderd mense intussen gewees nie? -- Praat u van die mense wat toe later daar opgedaag het?

Ja. -- Dit is inwoners van Somerset.

Ek wil aan u stel, meneer, afgesien van die mense wat u van praat wat by die huis direk was van die oorledene was daar in die omgewing van die biersaal, naby die huis van die oorledene, was daar ook 'n klomp mense.

HOF: Is dit voor die begrafnis?

MNR FICK: Voor die begrafnis. -- Daar by die biersaal gestaan?

Ja. -- Ek het hulle nie gesien nie.

Hoe ver is die biersaal van die oorledene se huis af? -- Die is nie baie ver nie. Dit is net aan die anderkant van die straat.

As daar mense voor die biersaal sou gestaan het, 'n paar duisend, dan sou hulle ook outomaties voor die huis van die (30

oorledene / ..

oorledene gestaan het.

HOF: Bedoel u as jy 'n ding vashou tussen jou duim en jou wysvinger dan hou jy hom ook tussen jou wysvinger en jou duim vas? Het die getuie 'n antwoord op hierdie intelligente vraag? -- Ek verstaan nie die vraag so mooi nie.

MNR FICK: Ons laat dit dan. Nou wanneer hierdie dag van die begrafnis het u die eerste keer die polisie gesien? -- Eers by die begraafplaas het ek die polisie die eerste keer gesien. Die tweede keer wat ek die polisie gesien het was toe ons teruggekom het van die begraafplaas by die oorledene se huis. (10

En daar by die begraafplaas waar u die polisie gesien het, was hulle in voertuie? -- Ek het twee van die polisie se "vans" daar gesien.

Vangwaens? -- Ja.

En daar het die polisie net gekyk wat aangaan, hulle het niks gemaak nie? -- Ja, hulle het 'n endjie ver gestaan.

En toe u die tweede keer die polisie gesien het was dit weer hierdie vangwaens of was dit ander polisie? -- Volgens die voorkoms van die voertuie wat daar gebruik was, was dit ander polisie gewees. (20

Was dit die keer toe u die Hippo gesien het? -- Ja, en daardie voertuig met die poeier.

Was daar net een Hippo? -- Ja, net een wat daar gekom het.

Die Hippo, het hy reguit daar na julle toe gery waar julle by die huis was van die oorledene of het hy patrollie gery in die woonbuurt? -- Dié het daarnatoe gekom en stilgehou.

HOF: Was daar 'n beperking geplaas op hierdie begrafnis? -- Nee.

Daar was nie 'n bevel van die landdros dat hy 'n sekere tyd moet duur nie? -- Nee.

MNR FICK: Nou hierdie Mama General wat by die begrafnis was (30

op / ..

op 16 Maart 1985, was dit die eerste keer wat u haar gesien het?

-- Dit was die eerste keer wat ek haar gesien het.

Was sy van 'n organisasie? Was sy so voorgestel? -- Sy was net voorgestel as 'n vroumens van Cradock af.

HOF: Het hulle haar genoem Mama General? -- Ja.

En is sy familie? -- Ek weet nie.

MNR FICK: Nou Matthew Goniwe en Ford Calata en Mbulelo Goniwe, wat is hulle verband met Somerset-Oos? Het hulle familie daar wat u van weet of was dit die eerste keer wat u hulle hier gesien het, met hierdie vergaderings? (10

HOF: Wie is die ander Goniwe?

MNR FICK: Mbulelo. -- Ek weet nie wat die verwantskap is tussen hulle nie, maar hulle is net aan my bekend as onderwysers, dit is nou Matthews Goniwe en Ford Calata.

HOF: Van Cradock? -- Ja.

MNR FICK: En Mbulelo Goniwe is ook van Cradock. Is hy ook 'n onderwyser of nie? -- Nee, ek het die eerste keer van hom gehoor daar. (20

Mama General, is sy 'n onderwyseres of weet u watse beroep sy het? -- Nee, ek ken haar nie.

HOF: Koshuismoeder.

MNR FICK: Die dié naam kan dit dalk wees. Ek wil aan u stel dat in dié kerk het Mama General gepraat. -- Ja, ons stem mos saam. Sy het gepraat.

Ek stel aan u sy het gepraat oor die biersaal en die munisipale kantore wat nog staan en sy het gesê in Cradock het hulle klaar daarmee weggedoen. -- Nee, sy het nie so-iets gesê nie.

En ek stel dit verder aan u dat sy het gesê sy kom van Robbeneiland af, sy is 'n lid van die ANC. -- Nee, dit het nie gebeur nie. (30

Ek / ..

Ek stel aan u verder dat Calata, Goniwe en Mama General het nie opgedaag toe die mense in die saal was nie, maar dat hulle voor die tyd al opgedaag het by hierdie begrafnis. -- Hulle het by die kerk opgedaag.

Ek stel aan u dat Matthew Goniwe het die begrafnisstoet van die huis van die oorledene af al gelei. -- Nee, daar is nie so-iets nie.

DIE HOF VERDAAG TOT 5 MEI 1985
